



September 2026 – Maart 2027

Geagte Ouer / Voog van 'n Graad 8 2027 Wiskunde uitblinker

U kind word uitgenooi om deel te neem aan ons uitnemende Graad 8 AdMaths **Smart Start** program.

AdMaths onderrig 'n ekstra *vak* en is nie 'n ekstra *klas* in skoolwiskunde nie. Die oogmerk van die vak is om 'n leerder, wat reeds sterk is in Wiskunde of 'n groot belangstelling daarin het, addisioneel tot die skoolsillabus te stimuleer en te verryk. 'n Kind versnel ook deur te leer van konsepte en teorie vroeër as die aangewese tyd. Dit maak leerders skerper en laat hulle vinniger snap. Die vak plaas Wiskunde in perspektief en verbreed horisonne.

Geakkrediteerde kwalifikasie

In Graad 12 registreer ons leerders by die IEB vir die Verdere Studies Wiskunde finale eksamen, wat in Oktober plaasvind voor die aanvang van die Senior Sertifikaat-eksamen. 'n Verdere Studies Wiskunde-sertifikaat verbeter die kanse vir universiteitstoelating aangesien dit baie sê van 'n voornemende student se onafhanklikheid, selforganisasie en probleemoplossingsvaardighede.

AdMaths invalspunte

Die normale invalspunt vir AdMaths is Graad 9. Ons waarsku egter dat ons 'n gevorderde vak onderrig en dat, hoe vroeër 'n leerder aansluit, hoe gouer hy/sy gewoonde gemaak word aan 'n hoër vlak van denke. Graad 8 AdMaths **Smart Start** is ook 'n uitstekende belegging om 'n skoolwiskundebasis te versterk. Ons bied ook AdMaths Junior (laerskool) vir jonger boeties en sussies wat hulself wil begin voorberei vir wat kom.

Is daar in-persoon kontakssessies?

Vir inligting oor u naaste sentrum besoek www.admaths.co.za >> **PARTICIPATING SCHOOLS**. Die *Goud* pakket vind een keer per week in kwartaaltyd plaas en duur 1½ uur. Op die *Silwer* pakket woon leerders die weeklikse, regstreekse webinaar by.

Studiemateriaal en assessering

AdMaths se studiemateriaal tel onder die beste van sy soort in Suid-Afrika. Dit word kwartaalliks (elektronies) beskikbaar gemaak op die leerder se profiel en die hardekopie kan deur kliënte bestel word by www.admathsretail.co.za. Kliënte op alle pakette word ook gekoppel aan vooraf-opgeneemde videolesings. Informele assessering ("tutoriale") word ook ingedien.

Wat is die verskil tussen die pakette?

Brons (selfstudie) leerders het geen regstreekse klas nie. Hulle besigtig die videolesings in hul eie tyd.

Silwer = *Brons* + regstreekse, weeklikse webinare in die *Zoho*-portaal. As die leerder 'n webinaar mis, kan die video op die profiel besigtig word. Dis ook ideaal vir hersiening.

Goud = *Brons* + regstreekse, weeklikse in-persoon klasse aangebied deur 'n fasiliteerder in ons diens.

Hardekopieë

Baie leerders maak van hul toestelle gebruik om die elektroniese studiemateriaal te besigtig of hulle laai die PDFs af en druk dit self. Kliënte wat belangstel in ons gedrukte handboeke van die studiemateriaal, word *Retail* kliënte ook. Daar is drie bestelrondes per jaar by www.admathsretail.co.za, in pas met die elektroniese beskikbaarmaking. U kan ongelukkig nie aan die begin van die jaar die volle jaar se handboeke eenmalig bekom nie.

Diamant (VIP-pakket)

Diamant = *Brons* + webinaar (*Silwer*) + klas (*Goud*) + hardekopieë wat afgelewer word drie keer per jaar as deel van die pakket teen geen addisionele koste nie. *Diamant* kliënte gebruik *Retail* soms vir ander produkte, maar nie vir handboeke nie. *Diamant* kliënte het min administrasie deur die loop van die jaar.

Graad 8 Smart Start registrasie en betaalstruktuur

Alle eersteslagdeelnemers betaal 'n registrasiefooi van **R530**. Ons stuur 'n faktuur met bankbesonderhede en 'n betaaldatum van laaste **Maandag 1 Februarie 2027**.

Vind ingesluit 'n blad met die maandelikse paaiemente vir elke pakket.

Die jaarfooi op (bv.) die *Silwer*-pakket is R5577, wat die som is van 11 betalings van R507 elk van 1 Februarie tot 1 Desember 2027.

Doen aansoek by www.admaths.co.za >> *APPLY* teen die laaste **Maandag 1 Februarie 2027**.

Die regstreekse skedule begin in die week van **1-5 Februarie 2027**.

Teken u 'n kontrak met AdMaths?

Ja, u sal 'n e-pos ontvang van esign@admaths.co.za. Die kontrak mag beëindig word deur 'n maand se skriftelike kennis te gee by system@admaths.co.za. U mag migreer tussen pakkette.

Wat gebeur aan die einde van 'n jaar?

Daar is 'n R220 administratiewe fooi betaalbaar om die kontrak met nog 'n jaar te verleng.

Ons bied ook AdPhysics, AdChemistry en AdAccounting vanaf Graad 10 aan. Hierdie vakke is intellektuele beleggings waarvan die voordele baie wyer strek as bloot die inhoud wat 'n voorsprong op universiteit bied.

Ons sien uit daarna om die leerder op die program te hê.

Vriendelike groete



Jean Nico de Villiers
Hoof

